# Klop die koue

BEGIN BETYDS EN SKEP 'N TRUI OF TJALIE WAARIN JY DIÉ WINTER BESONDERS SAL VOEL. SAAMGESTEL DEUR LINDA LAUBSCHER. FOTO'S JACQUES WEYERS. DIÉ BREI- EN HEKEL-BONUS IS DEUR SAPROTEX INTERNATIONAL MOONTLIK GEMAAK

## Afkortings

alt - alternatiewe
A(V)P - agter(voor)pant
aw - brei aweregs
beg - begin
dms - dubbelmossteek
d-rif - dubbelriffelst, r2, aw2 deurgaans
goh - gare oor hekelpen (hekel)
grtgso - glip 1 st, brei 1 st regs, trek glipsteek oor
gs - glipsteek (hekel)
herh - herhaal
ks - kettingsteek (hekel)
ks - koussteek, 1 ry regs, 1 ry aweregs, die r-kant is die voorkant van die werk (brei)
lb - langbeen (hekel)
ms - mossteek
N(e) - naald(e)
oorbl - oorblywende
pat - patroon
r - brei regs
rif - riffelsteek, 1 regs, 1 aweregs deurgaans
rs - reksteek, elke ry regs
R(V)K - regte(verkeerde) kant van werk
st(e) - steek(steke)
tes - tesame
vermeer - vermeerder, brei 2 keer in vlg st
vermin - verminder, brei 2 ste tesame
vlg - volgende
weersk - weerskante

DOEN 'N SPANNINGSTOETS. SPANNING WORD AFSONDERLIK BY ELKE PATROON GENOEM. INDIEN DAAR TE MIN STEKE IN JOU TOETSLAPPIE IS, MOET DUNNER, EN INDIEN TE VEEL DIKKER NAALDE GEBRUIK WORD.

## BONT TJALIE

### Benodigdhede

PINGOUIN FAMILY KNIT en/of MEXICAN WAVE DK (50 g-bolle), in 6 kleure na keuse, 2 bolle van elke kleur; hekelpen van 4,50 mm.

### Mate

Sowat 204 x 60 cm.

### Spanning

17lb en 7 rye = 10 x 10 cm met 4,50 mm-hekelpen.

### Aanwysings

LET WEL: 3KS VORM ALTYD DIE 1E LB VAN 'N RY.
Gebruik 4,50 mm-hekelpen en maak 107ks, draai.
1e ry: 3lb in 4e ks vanaf hekelpen, 1lb in elk van vlg 5ks, *[(goh, steek pen in vlg ks, trek 'n lus op, goh, trek deur 2 lse) 2 keer, goh, trek deur al drie lse op pen] 3 keer ( =3lb vermin), 1lb in elk van vlg 5ks, 4lb in daaropvlg ks, 5lb*; herh vanaf * tot laaste 2 ste, slaan 1ks oor, 4lb in laaste ks, draai.
2e ry: 3ks vir 1e lb, slaan 1 st oor, 3lb in vlg lb, 1lb in elk van vlg 5lb; herh dan van * tot * in 1e ry. Eindig so: slaan 1 st oor, 4lb in laaste st, draai. Die 2e ry vorm die pat; herh 2e ry en verwissel van kleur na elke 2 rye tot werk sowat 204 cm lank is.

LET WEL: LAAT 'N STUK DRAAD VAN SOWAT 15 CM AAN EINDE VAN ELKE KLEURWISSELING.

### Afwerking

Ryg 2 drade van elke ooreenstemmende kleur, ±30 cm lank en dubbel gevou, deur die syrand van elke ooreenstemmende kleur, tussen dié wat by kleurwisseling agtergelaat is - daar is dan 6 drade, 15 cm lank, van elke kleur. Knoop hulle langsaan elke 3 kleurstrepe om fraiings te vorm. Knip punte gelyk.

TJALIE ONTWERP DEUR CAROLIEN SAAYMAN EN GEHEKEL DEUR ELMARIE MOSTERT

## BEIGE TRUI MET HORLOSIESPLEET

### Benodigdhede

ELLE ALASKA CHUNKY (50 g-bolle); 7(8;9) bolle in Taupe (kleurnr 05); 'n paar breinaalde van 5,00 mm en 5,50 mm; 2 breispelde; reserwenaald.

### Mate

Pas borsmaat 82-87(92-97;102-107) cm; ruglengte 49(53;57) cm; moulengte 50(52;54) cm.

### Spanning

14 ste en 19 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 5,50 mm-breinaalde.

### Agterpant

*Gebruik 5,50 mm-Ne en stel 62(68;74) ste op. Brei 27(29;31) cm ks, eindig met 'n VK-ry. MOUSGATVORMING: Heg 3 ste af aan beg van vlg 2 rye. Vermin 1 st aan weersk van vlg ry en elke daaropvlg alt ry tot 48(52;56) ste oorbly.* Brei reguit tot pant 47(51;55) cm lank is, eindig met VK-ry.

JAS VAN CATHERINE MOORE (R350); LEERBROEK VAN AMBER (R1 350)







LINKERSKOUER- EN HALSVORMING: Heg 7(8;9) ste af, r13(14;15), draai en brei elke skouer afsonderlik. Heg 3 ste af, aw tot einde. Heg 7(8;9) ste af, r tot einde. Heg oorbl 3 ste af. Met RK voor, plaas middelste 8 ste op 'n breispeld.

REGTERSKOUER: Heg breidraad aan halsrand van oorbl ste vas en brei om met linkerskouer ooreen te stem, dus met omgekeerde vorming.

## Voorpant

Soos AP van * tot *. Brei reguit voort tot pant 41(45;49) cm lank is, eindig met 'n VK-ry.

HALS- EN SKOUERVORMING: Brei 22(24;26) ste, draai en brei elke skouer afsonderlik

LINKERSKOUER: Heg 4 ste af, aw tot einde. Vermin 1 st aan halsrand van vlg ry en elke daaropvlg alt ry tot 14(16;18) ste oorbly. Brei reguit tot werk 47(51;55) cm lank is, eindig met 'n VK-ry. Heg 7(8;9) ste af, r tot einde.

Vlg ry: Deurgaans aw.

Vlg ry: Heg oorbl 7(8;9) ste af. Plaas middelste 4 ste op 'n breispeld.

REGTERSKOUER: Met RK voor, heg breidraad aan halsrand van oorbl ste vas en brei om met linkerskouer ooreen te stem, dus met omgekeerde vorming.

## Linkermou

Gebruik 5,50 mm-Ne en stel 30(34;38) ste op. Brei 12 rye ks.

SPLEET VIR HORLOSIE (oor 12 rye): r12(14;16), heg 6 ste af, r tot einde.

Linkerkant van spleet: *Vlg ry: aw tot laaste 2 ste, aw2tes.

Vlg ry: r2tes, r tot einde. Herh laaste 2 rye 1 keer.

Vlg ry: Deurgaans aw.

Vlg ry: vermeer 1 st, r tot einde.

Vlg ry: aw tot laaste st, vermeer 1 st. Herh laaste 2 rye 1 keer.

Vlg ry: Deurgaans r.*

Plaas dié ste op 'n reserwenaald, maar moenie werkdraad afknip nie. Met RK voor, heg 'n ekstra bolletjie breidraad aan oorbl 12(14;16) ste en brei regterkant van spleet soos linkerkant van * tot *, maar met omgekeerde vorming.

Draai, stel 6 ste op en knip werkdraad af. Brei só oor alle ste: Met VK voor, aw oor ste op reserwenaald (= linkerkant van spleet), aw oor 6 opstel-ste, aw tot einde - 30(34;38) ste.

**Brei voort in ks, vermeer 1 st aan weersk van vlg ry en elke daaropvlg 4e ry tot 60(64;68) ste. Brei reguit tot mou 50(52;54) cm lank is, eindig met 'n VK-ry.

MOUKOPVORMING: Heg 3 ste af aan beg van vlg 2 rye. Vermin 1 st aan weersk van vlg ry en elke daaropvlg alt ry tot 46(48;50) ste oorbly. Brei 1 ry aw en heg af.**

## Regtermou

Gebruik 5,50 mm-Ne en stel 30(34;38) ste op. Brei 24 rye ks. Brei voort soos van ** tot ** vir linkermou.

## Afwerking

HALSBOORDJIE: Werk regterskouernaat toe. Met RK voor en 5,50 mm-Ne, beg by VP, tel op en r 20 ste uit linkerhalsrand, r 4 ste op speld; tel op en r 20 ste uit regterhalsrand, dan r 8 ste uit regterhalsrand van AP, r 8 ste op speld en r 8 ste uit linkerhalsrand van AP - 68 ste. Brei 1 ry aw.

Slaan oor na 5,00 mm-Ne en brei 14 cm ks. Heg lossies af. Werk linkerskouer- en halsboordjienaat aaneenlopend toe. Vou halsboordjie na VK dubbel en werk vas. Werk moukoppe vas. Werk sy- en mounate toe.

TRUI ONTWERP EN GEBREI DEUR ELMARIE MOSTERT

# TRUI MET KRAAG

## Benodigdhede

FIESTA VELLUTO DK (50 g-bolle); 10(11;12) bolle Vino (kleurnr 06); 'n paar breinaalde van 3,75 mm en 4,50 mm; 1 stekehouer; 1 haakspeld.

## Mate

Pas borsmaat van 82-87(92-97;102-107) cm; ruglengte 50(54;58) cm; moulengte 45(47;49) cm.

## Spanning

20 ste en 28 rye = 10 x 10 cm oor mossteek met 4,50 mm-breinaalde.

AFKORTINGS OP BL. 98

Dubbelmossteek (dms)

1e en 2e ry: r1, aw1; herh tot einde.

3e en 4e ry: aw1, r1; herh tot einde.

Dié 4 rye vorm pat.

## Agterpant

*Gebruik 3,75 mm-Ne en stel 106(116;126) ste op. Brei 3 cm rif en eindig met 'n VK-ry. Slaan oor na 4,50 mm-Ne en dms, brei tot pant 27(29;31) cm lank is, eindig met 'n VK-ry.

MOUSGAT- EN SKOUERVORMING: Heg 5 ste aan beg van vlg 2 rye af, dan 2 ste aan beg van daaropvlg 10(12;14) rye.*

Brei reguit tot pant 48,5(52,5;56,5) cm lank is, eindig met 'n VK-ry. Heg 12(13;14) ste af aan beg van vlg 4 rye. Plaas oorbl 28(30;32) ste op 'n stekehouer.

## Voorpant

Soos AP van * tot *. Brei daarna reguit tot pant 42(46;50) cm lank is, eindig met 'n VK-ry.

HALS- EN SKOUERVORMING: Brei 34(36;38) ste dms, draai en brei elke skouer afsonderlik.

LINKERSKOUER: Heg 2 ste af, brei tot einde.

Vlg ry: Brei tot einde.

Vlg ry: Heg 2 ste af, brei tot einde.

Herh laaste 2 rye een keer.

Vermin 1 st aan halsrand van vlg ry en elke daaropvlg alt ry tot 24(26;28) ste oorbly. Brei reguit tot werk 48,5(52,5;56,5) cm lank is, eindig met 'n VK-ry. Heg 12(13;14) ste af aan beg van vlg ry en brei dms tot einde.

Vlg ry: Deurgaans dms.

Vlg ry: Heg oorbl 12(13;14) ste af.

REGTERSKOUER: Met RK voor, plaas middelste 8(10;12) ste op 'n haakspeld, heg breidraad aan halsrand van oorbl ste vas, voltooi regterskouer soos linkerskouer, maar met omgekeerde vorming.

## Moue (2)

Gebruik 3,75 mm-Ne en stel 42(48;54) ste op. Brei 3 cm rif, eindig met 'n VK-ry. Slaan oor na 4,50 mm-Ne en dms, vermeer 1 st aan weersk van vlg ry en elke daaropvlg alt ry tot 66(72;78) ste, dan aan weersk van elke 4e ry tot 106 (116;126) ste. Brei reguit tot mou 45(47;49) cm lank is, eindig met 'n VK-ry.

MOUKOPVORMING: Heg 5 ste af aan beg van vlg 2 rye, dan 2 ste aan beg van daaropvlg 10(12;14) rye. Heg af.

## Afwerking

HALSBOORDJIE: Werk regterskouernaat toe. Met RK voor en 3,75 mm-Ne beg by VP, tel op en r 23 ste uit linkerhalsrand van VP, r8(10;12) op speld, tel op en r 23 ste uit regterhalsrand van VP, dan r28(30;32) ste op stekehouer aan AP - 82(86;90) ste.

Brei 3 cm rif, eindig met 'n VK-ry.

KRAAG: 1e (RK-) ry: Slaan oor na 4,50 mm-Ne en ks, vermeer 1 st, r26(28;30) ste, vermeer 2 ste (= brei voor, agter en voor in vlg st), brei tot laaste st, vermeer 1 st.

2e ry: Deurgaans aw.

3e ry: vermeer 1, r28(30;32), vermeer 1, r1, vermeer 1, brei tot laaste st, vermeer 1.

4e ry: Deurgaans aw.

Herh laaste 2 rye, brei telkens 2 ste meer tussen 1e en 2e vermeerdering tot kraag 25(27;29) cm lank is, eindig met 'n RK-ry. Brei nog 5 rye r sonder vermeer. Heg lossies af. Werk kraag-, halsboordjie- en linkerskouernaat aaneenlopend toe. Werk moukoppe vas. Werk sy- en mounate toe.

TRUI ONTWERP EN GEBREI DEUR ELMARIE MOSTERT

# SYBOKHAARTJALIE

## Benodigdhede

ELLE MOHAIR 2000 (50 g-bolle); 4 bolle Fir Green (kleurnr 06, A), 4 bolle Ocean Green (07, B), 5 bolle Wine (04, D).

ELLE MOHAIR PRINT 2000 (50 g-bolle); 4 bolle Smoke (04, C), 3 bolle Autumn (01, E); 2 rondbreinaalde van 5,00 mm en 100 cm lank; 2 m fluweel, lengtegewys in 2m-stroke van 8 cm elk geknip; bypassende masjiengare.

## Mate

Sowat 120 x 180 cm.

## Spanning

16 ste en 22 rye = 10 x 10 cm gebrei met 5,00 mm-breinaalde oor pat met kontraskleur aan agterkant ingeweef.

AFKORTINGS OP BL. 98.

Bel JACOMIEN DU PLESSIS by (011) 889-0665 vir diagram. Let wel: Alle rye van die sybokhaartjalie word op dia aangegee.

BOUCLÉROMP (R525) EN FLUWEELROMP (R475) VAN CATHERINE MOORE



Lees r-rye van regs na links en aw-rye van links na regs. Hou spanning van ingeweefde kontraskleur egalig. Volgorde van agtergrondkleure is: A, B, C, beg dan weer met A. Blomme is deurgaans in D en sigsag-pat in E.

## Hoofdeel

Gebruik 5,00 mm-rondbreinaald en A, stel 165 ste op. Brei 2 rye ks, beg met 'n r-ry en weef dadelik D aan agterkant in.

3e ry: Raadpleeg dia, beg pat; 1e pat-ry lyk só: r17A, 1D, *25A, 1D*; herh van * tot * tot laaste 17 ste, 17A.

Volg hierna dia, brei dus 3 rye ks voordat met sigsag-pat begin word.

Sigsag-pat, 1e ry: r2A, 1E, *7A, 1E*; herh van * tot * tot laaste 2 ste, 2A.

Volg dia noukeurig.

5e sigsag-pat-ry: Knip A af, vervang deur B. Brei blom-pat met B as agtergrond.

Herh strepe tot breiwerk sowat 70 cm lank is: 4 herh van blom-pat.

Vlg r-ry: Brei 79 ste, draai. Plaas oorbl ste op afsonderlike rondbreinaald. Brei voort op 1e helfte en hou pat deurlopend.

## Eerste voorpant

1e ry van blom-pat: r17A, 1D, (25A, 1D) 2 keer, 9 A.

1e ry van sigsag-pat vir 1e voorpant: r2A, 1E, (7A, 1E) 9 keer; 4A.

Die eerste voorpant is dié deel wat oor jou regterskouer gedrapeer word. Brei tot werk sowat 180 cm lank is vanaf opstelrand (= nog 5 herh van blom-pat) en heg af.

## Tweede voorpant

Neem ste op reserwenaald op, heg werkdraad vas en heg 7 ste af aan agterkant van halsrand.

1e ry van blom-pat: 9A, 1D, (25A, 1D) 2 keer, 17A.

1e ry van sigsag-pat: r2A, 1E, (7A, 1E) 9 keer, 4A.

Voltooi volgens dia en heg af.

## Afwerking

Knip fluweelstroke oorlangs, 8 cm breed. Werk lang sykante só af: Plaas 'n strook van 8 cm oorlangs op rand van tjalie met RK op mekaar. Stel naaimasjien op rekbare steek in, stik al langs syrand met 1 cm-naattoelating. Keer na RK om, vou 'n soom van 1 cm aan ander kant van 8 cm-strook in. Werk oorhands vas. Doen dieselfde aan 2e lang sykant, dan aan teenoorgestelde (korter) rande van voorpante.

Maak seker dat die fluweelstroke aan agterkant van halsrand, by die afgehegte 7 ste en beg van voorpante, teen mekaar pas (wanneer die tweede fluweel-syrandboordjie ingevou word). Laat 1 cm vir naat toe, vou om en werk oorhands vas.

Werk ook sulke fluweelstroke op dieselfde manier aan onderkante van agterpant en albei voorpante vas. Laat 1 cm vir nate toe aan onderrande van stroke, vou na VK om en werk oorhands vas.

LET WEL: STOOM FLUWEEL BAIE LIGGIES. KNIP FLUWEEL TOT REGTE LENGTE VOORDAT DIT AAN BREIWERK VASGESPELD WORD OM TE VERSEKER DAT BREIWERK NIE REK WANNEER FLUWEEL VASGEWERK WORD NIE.

TJALIE ONTWERP DEUR CAROLIEN SAAYMAN EN GEBREI DEUR RIA STOKER. VIR NAVRAE OOR PATROON, BEL CAROLIEN BY 083-449-0168 NÁ 12:00

# GRYS TRUI MET GEHEKELDE GALON

## Benodigdhede

Deurgaans 50 g-bolle: PINGOUIN MOSAIC CHUNKY; 15(16;17) bolle Grey (kleurnr 64) vir breiwerk en ELLE CURLY; 2 bolle Royal (kleurnr 07) vir galon; 1 paar elk 4,00 mm- en 5,00 mm-breinaalde; 4,50 mm-hekelpen; blou katoengare om gehekelde galon vas te werk.

## Mate

Pas borsmaat van 82-87(92-97;102-107) cm lossies; ware grootte 115(125;135) cm; ruglengte 75 cm; moulengte 50 cm.

## Spanning

16 ste en 22 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 5,00 mm-breinaalde.

AFKORTINGS OP BL. 98

## Agterpant

Gebruik 4,00 mm-Ne en stel 94(102;110) ste op. Brei 4 rye ks, beg met aw-ry.

5e (VK-) ry: Brei r aan VK om 'n voulyn te vorm. Slaan oor na 5,00 mm-Ne, brei steeds ks tot pant 73 cm lank van voulyn af is.

HALS- EN SKOUERVORMING: Met RK voor, brei 36(40;43) ste, heg middelste 22(22;24) ste af, brei oor laaste 36(40;43) ste en voltooi elke kant afsonderlik.

1e kant: Brei 1 ry. Heg in vlg alt rye aan halsrand 2 keer 4 ste af - 28(32;35) ste. Heg af.

2e kant: Heg breidraad aan halsrand van oorbl ste vas, voltooi om met 1e kant ooreen te stem, dus met omgekeerde vorming.

## Voorpant

Gebruik 4,00 mm-Ne en stel 94(102;110) ste op. Brei 4 rye ks, beg met aw-ry.

5e (VK-) ry: Brei r aan VK om 'n voulyn te vorm. Slaan oor na 5,00 mm-Ne, brei steeds ks tot pant 8 cm (18 rye) korter as agterpant is.

HALS- EN SKOUERVORMING: Met RK voor, brei 36(40;43) ste, heg middelste 22(22;24) ste af, brei oor 36(40;43) ste tot einde en voltooi elke kant afsonderlik.

1e kant: Brei 1 ry. Heg dan aan halsrand van vlg 4 rye telkens 2 ste af - 28(32;35) ste bly oor. Brei sonder vorming tot lengte met agterpant ooreenstem en heg af.

2e kant: Heg breidraad aan halsrand van oorbl ste vas en voltooi om met 1e kant ooreen te stem, dus met omgekeerde vorming.

## Moue (2)

Gebruik 4,00 mm-Ne en stel 50(50;54) ste op. Brei 4 rye ks, beg met 'n aw-ry.

5e (VK-) ry: Brei 1 ry r aan VK om voulyn te vorm. Slaan oor na 5,00 mm-Ne, brei steeds ks.

Vermeer 1 st aan weersk van elke 4e ry, 15(18,21) keer, dan elke 6e ry nog 4(2;0) keer - 88(92;96) ste. Brei tot mou 50 cm lank van voulyn af is en heg af.

## Afwerking

Stoom en blok pante. Werk regterskouernaat toe. Gebruik 5,00 mm-Ne en tel sowat 108 (108;110) ste uit halsrand van voor- en agterpant op. Slaan oor na 4,00 mm-Ne en brei 3 rye rs. Heg lossies af. Werk linkerskouernaat toe. Werk moukoppe vas. Werk sy- en mounate toe.

HARE FABIENNE ZADEL; GRIMERING RENEÉ ROSSOUW VAN MONOPOLE; MODELLE EVA VAN ZERO EN RENÉ VAN ICE; STILERING RETHA JÜRGENS; LEERBROEKE VAN AMBER (R1 350); MODE-ASSISTENT RYNO MULDER



## Gehekelde galon

Gebruik 4,50 mm-hekelpen en Elle Curly driedubbel. Maak 'n koord van ongeveer 250 cm lank. Die foto dui aan hoe die koord aan breiwerk vasgewerk kan word, maar dit kan volgens keuse aangepas word. Speld en ryg dit voorlopig vas om die effek te bepaal. Wanneer jy daarmee tevrede is, werk dit met naald en ooreenstemmende kleur katoengare vas. Vou die some sodra hekeldetail voltooi is by die voulyn na VK om en werk hulle oorhands vas.

TRUI ONTWERP EN GEBREI DEUR ILONKA HAYLETT

# SWART TRUI EN SERP MET LOS FRAIINGS

## Benodigdhede

PINGOUIN CLASSIC DK (50 g-bolle); 9(10;11) bolle Black (kleurnr 11).

PINGOUIN LIKE SILK; 1 bol elk Fire (08) en Moss (03); 1 paar breinaalde van 3,25 mm en 4,00 mm; 5 tweepuntbreinaalde van 3,25 mm; 4 stekehouers; hekelpen van 4,00 mm.

## Mate

Pas borsmaat 82-87(92-97;102-107); ware grootte 100(105;110) cm; ruglengte 67(69;71) cm: mou tot onder arm 49(51;51) cm.

## Spanning

22 ste en 30 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 4,00 mm-Ne.

AFKORTINGS OP BL. 98

## Agterpant

Gebruik 3,25 mm-Ne en stel 102(108;114) ste op. Brei 5 cm d-rif.

Vlg (VK-) ry: Deurgaans r en vermeer eweredig 7 ste - 109(115;121) ste.

Brei nog 5 rye r, eindig met 'n RK-ry.

Vlg ry: Slaan oor na 4,00 mm-Ne en brei dié ry aw. Slaan oor na deurgaans ks, brei tot pant 40(41;41) cm lank is.

RAGLANVORMING: Heg 4 ste af aan beg van vlg 2 rye.

Vlg (RK-) ry: r2, r2tes, r tot laaste 4 ste, grtgso, r2.

Vlg ry: Deurgaans aw.

Herh dié 2 rye tot 33(35;35) ste oorbly - eindig met 'n aw-ry en plaas ste op 'n stekehouer.

## Voorpant

Soos agterpant.

## Moue (2)

Gebruik 3,25 mm-Ne en stel 46(50;50) ste op. Brei 5 cm d-rif en eindig met 'n RK-ry.

Vlg ry: Deurgaans r en vermeer 11 ste eweredig versprei oor die ry - 57(61;61) ste.

Brei nog 5 rye r.

Vlg (VK-) ry: Slaan oor na 4,00 mm-Ne en brei dié ry aw. Brei voort in ks en vermeer terselfdertyd 1 st aan weersk van elke 6e(4e;4e) ry tot 93(99;105) ste. Brei sonder vorming tot mou 46(48;48) cm lank is, eindig met 'n VK-ry.

RAGLANVORMING: Heg 4 ste af aan beg van vlg 2 rye.

Vlg (RK-) ry: r2, r2tes, r tot laaste 4 ste, grtgso, r2.

Vlg ry: Deurgaans aw.

Herh dié 2 rye tot 17(19;19) ste oorbly, eindig met 'n aw-ry. Plaas ste op 'n stekehouer.

## Afwerking

Werk sy- en mounate toe en werk moukoppe vas.

HALSBOORDJIE: Gebruik 3,25 mm-tweepuntbreinaalde en tel die 33(35;35) ste aan VP en AP op, asook die 17(19;19) ste bo-aan moukoppe - 100(108;108) ste.

Merk beg van ry met 'n kontraskleurlus.

Brei 1e ry deurgaans aw en vermin 1 st by elke naat deur die laaste st van pas gebreide ste tes met 1e st van die op vlg naald te brei - 96 (104;104) ste.

2e en 4e ry: Deurgaans r.

3e en 5e ry: Deurgaans aw.

6e ry: Slaan oor na d-rif, brei 1 ry.

Brei nog 7 rye d-rif (8 rye altesaam) en heg lossies af.

FRAIINGS: Gebruik Like Silk Fire en Moss en knip stukkies van 15 cm af. Die fraiingdrade word met 'n hekelpen deur breiwerk getrek. Vou fraiingdraad dubbel en met RK voor, steek hekelpen deur 1 st van breiwerk en weer aan RK uit, haak pen om lus van fraiingdraad en trek deur trui, trek draad dan lossies deur fraiinglus. Plaas fraiings in rye op trui, soos verlang.

WENK: Merk middel van elke pant met 'n ry kontraskleurrygsteke van bo na onder. Ons het blokke van sowat 13 cm x 13 cm gemerk met middelpunt as vertikale verwysing. Ryg ook horisontale merkdrade en maak 'n fraiing waar merkdrade mekaar kruis, sowel as in middel van elke blok. Onthou om die fraiings tot op synate aan te bring. Was die trui met die hand om fraiings nie te beskadig nie.

## Benodigdhede vir serp

PINGOUIN CLASSIC DK (50 g-bolle); 5 bolle Black (kleurnr 11)

PINGOUIN LIKE SILK; 1 bol elk Fire (08) en Moss (03) - as jy die trui ook brei, kan jy dieselfde Like Silk-bolle gebruik; 1 paar breinaalde van 4,00 mm; hekelpen van 4,00 mm.

## Spanning

22 ste x 30 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 4,00 mm-breinaalde.

## Serp

Gebruik 4,00 mm-Ne en stel 40 ste op. Brei ks tot pant sowat 150 cm lank is. Heg af. Brei nog so 'n pant. Plaas 2 pante met RK op mekaar en werk 1 synaat toe. Vou oop en haak fraiings met hekelpen deur soos vir trui beskryf. Werk sowat 3 vertikale rye op elke pant van serp, horisontaal eweredig gespasieer. Vou dubbel met RK op mekaar, werk 2e synaat toe en dop om. Hekel kort nate met 4,00 mm-hekelpen en kortbene toe. Stoom nate liggies sodat dit plat lê.

TRUI EN SERP ONTWERP EN GEBREI DEUR CAROLIEN SAAYMAN. VIR NAVRAE BEL 083-449-0168 NÁ 12:00

FOTO'S IS BY M12 DJAKARTA INDONESIAN-RESTAURANT BY SUNHILL ESTATE BUITE STELLENBOSCH GENEEM.
ONS DANK AAN DIE EIENAARS VIR HUL GASVRYHEID EN BEHULPSAAMHEID. VIR MEER INLIGTING BEL (021) 881-3243